

28 Julie

Skrifgedeelte: Efesiërs 6:10-20

Fokusgedeelte: DL, 5:11

Soek jou krag in die Here!

Hoewel die Here in sy Woord aan my belowe dat Hy nie sal toelaat dat ek verlore gaan nie pak die twyfel my tog soms beet, veral wanneer ek in versoeking kom. Dan begin ek wonder of ek regtig 'n kind van God is. Dan is ek skielik nie meer so seker dat my verlossing vas staan en ek tot die einde toe getrou sal bly nie. Ons belydenis sê: "Voorts getuig die Skrif dat die gelowiges in hierdie lewe teen verskillende sondige vertwyfelings stry en, as hulle in ernstige versoekings kom, nie altyd hierdie volle geloofsvertroue en hierdie sekerheid van die volharding ondervind nie."

Daarom moet ek my krag nie in myself of in my eie vermoë om te volhard soek nie, maar soos wat in vers 6 gesê word, "in die Here en in sy groot mag."

Die Here se mag is oneindig groot, want Hy is almagtig. Ek soek my krag in die Here en in sy groot mag deur die wapenrusting van God aan te trek, sodat ek nie in vertwyfeling sal versink nie, maar op my pos kan bly, ondanks die listige aanslae van die duiwel. Alleen met God se krag kan ek, nadat ek die stryd tot die einde toe gevoer het, nog op my pos bly staan. Die Woord sê (vers 18): "Doen dit alles biddend en smee God by elke geleentheid deur die Gees."

Deur sy Heilige Gees, sê ons belydenis, maak die Here "steeds weer die sekerheid van die volharding in hulle (ons) wakker." Daarom kan ek hierdie stryd nie sonder die Heilige Gees en sonder gebed stry nie. Hy en Hy alleen sal alle twyfel by my verdryf en in die plek daarvan volle geloofsvertroue en sekerheid van volharding aan my gee! Bid en dank Hom ook vandag daarvoor!

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)

~~~~~